## Saamgestelde sinne

'n **Saamgestelde** sin bestaan uit 'n enkelvoudige sin **en** bysin(ne).

**Voorbeeld:** Marita se kat vang 'n muis. ('n Enkelvoudige sin omdat dit net een gesegde het.)

Ons kan hierdie sin met 'n byvoeglike bysin uitbrei om dit 'n saamgestelde sin te maak.

**Voorbeeld:** Marita se kat, wat sy gister gekry het, vang 'n muis. *OF*
Marita se kat vang 'n muis wat in die kas bly.

Ons kan dieselfde sin ook met 'n bywoordelike bysin (*Time*, *Manner*, *Place*) uitbrei om dit 'n saamgestelde sin te maak.

**Voorbeeld:** Marita se kat vang, wanneer dit donker is, 'n muis. *OF*
Marita se kat vang 'n muis waar hy wou wegkruip.

1. Onderstreep die byvoeglike bysinne met 'n rooi pen en die bywoordelike bysinne met 'n groen pen.

   a) 'n Kat is baie lief vir die huis waarin hy grootgeword het.

   b) Katte sal wanneer dit aand is, baie ver na hul eie huise terugloop.

   c) Daar was regtig 'n kat wat 1250 km ver geloop het.

   d) Die mense wie se kat dit is, was baie bly om die kat weer te sien.

   e) Die kat is gevind waar hy in 'n boom gesit het.

   f) Die veearts het toe dit nodig was, vir die kat 'n inspuiting gegee.

   g) Die kat, waarvan die pote baie seer was, kon heerlik slaap daarna.

**Wenke**

- Bysinne bevat 'n werkwoord.
- Byvoeglike bysinne vertel ons meer van die onderwerp en/of voorwerp.
- Bywoordelike bysinne vertel ons meer van die gesegde (werkwoord).

2. Brei die volgende sinne eers met 'n byvoeglike naamwoord, daarna met 'n byvoeglike bepaling en dan met 'n byvoeglike bysin uit.

   Itumeleng koop <u>'n hond</u>.

   a) ______________________________

   b) ______________________________

   c) ______________________________

   <u>Die meisies</u> gee die hond kos.

   d) ______________________________

   e) ______________________________

   f) ______________________________

**Wenke**

Ons herken bysinne gewoonlik aan die voornaamwoord (w-woord) wat die bysin inlei, bv. wie, wat, waar, waarin, waarheen, wanneer. Onthou, van die w-woorde is voegwoorde van Groep 3. Onthou die korrekte woordorde.

© Oxford University Press Southern Africa

### Wenke

Onthou die goue reël in Afrikaans: Hoe jy ookal begin, die werkwoord kom volgende. Bywoordelike bysinne word in die volgorde: tyd (T), wyse (M) en plek (P) in 'n sin geskryf.

### Wenke

**Veelvoudige sinne** bestaan uit **twee hoofsinne** (enkelvoudige sinne) wat met 'n voegwoord van Groep 1 verbind word, bv. Marita se kat het 'n muis gevang. Die muis het weggekom. (maar) – Marita se kat het 'n muis gevang, maar die muis het weggekom. Onthou dat die woordorde van sin 2 nie verander wanneer ons voegwoorde van Groep I gebruik nie. Onthou die komma voor maar en want.

3. Brei die sinne eers met 'n bywoord, daarna met 'n bywoordelike bepaling en dan met 'n bywoordelike bysin uit.

   Die hond en die kat lê.

   a) ____________________

   b) ____________________

   c) ____________________

   Die hond wil met die kat speel.

   d) ____________________

   e) ____________________

   f) ____________________

4. Skryf die enkelvoudige sinne oor as veelvoudige sinne.

   a) Die kat lê op die mat. Hy slaap rustig. (en)

   ____________________

   ____________________

   b) 'n Muis loop saggies verby die kat. Hy skrik wakker. (maar)

   ____________________

   ____________________

   c) Die muis is te stadig. Die kat het hom gevang. (want)

   ____________________

   ____________________

5. Skryf neer watter van die sinne enkelvoudig (E), saamgesteld (S) of veelvoudig (V) is.

   a) Die muis val oor die kat se snor. ____________

   b) Die muis skrik, maar die kat gaan hom vang! ____________

   c) Die muis probeer wegkom. ____________

   d) Die kat, wat heeltemal uitgerus is, spring op. ____________

   e) Die muis kruip weg waar dit veilig is. ____________


© Oxford University Press Southern Africa